Stella straat

Psalm 78:1-4

"Dit wat ek ontvang het, is vir my baie mooi"



Tuis-Adoramus 27 September 2020

– geskryf deur Anton Pienaar

Tema: "Dit wat ek ontvang het, is vir my baie mooi".
Teks: Psalm 78:1-4

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuis-adoramus alleen of saam met ander te doen. Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,
Willem, Anton, Tienie en Fay

Dit is wonderlik hoe vandeesweek se tekste inpas by die *erfenistema* van September-maand. Ons gaan Psalm 78:1-4 lees waar die digter begin deur te sê ons gaan na die verlede kyk, en ons gaan aan ons kinders vertel wat met ons gebeur het.

Erfenis is ons eie verlede, waaraan ons waarskynlik nie deel gehad het nie, maar wat ons gemaak het wat ons vandag is.

Terwyl ons die gedeelte lees kan ons dink aan die geestelike boustene van ons verlede. Is daar gebeure of mense in jou verlede wie se optrede 'n groot rol gespeel het om jou te vorm in die mens wat jy vandag is? In die pragtige musiekstuk van *Hector Berlioz,* The Shepherd's Farewell is daar die woorde wat suggereer dat 'n mens in die liefde van jou erfenis mag leef:

He goes away from the land
where, in the barn, he saw the day.
May he remain the constant love
of his father and his mother,

may he grow, may he thrive
and may he be a good father in his turn.
https://www.youtube.com/watch?v=fqYf2H8PyMs

Kom ons word stil vir 10 minute en wy ons binneste aan twee sake. Die eerste is om te dink aan wat ek ontvang het van my ouers, voorouers en die tradisie waaruit ek kom – wat my gevorm het in wie ek vandag is. Die tweede is om na te dink oor wat ek besig is om na te laat vir die geslag wat na my kom. Watter erfenis is ek besig om te skep?

As jy wil kan jy die 10 minute ook net gebruik om oop te word vir die oorweldigende goedheid wat oor tye na jou toe gekom het. Laat jou erfenis jou asem wees.

'n Musiekstuk wat die teks onderstreep of bevestig is Haydn se pragtige *The heavens are telling*. Ons luister na 'n weergawe van die Mormoonse tabernakelkoor.

https://www.youtube.com/watch?v=yTYJm5Ae0Xo

Ons kan die woorde van die lied volg:

"The Heavens Are Telling"
The heavens are telling
Of God and His glory
A mighty God we serve
They speak of His character
Awesome Creator
A mighty God we serve
Angels bow before Him
Heaven and earth adore Him
No other God above Him
A mighty God we serve
Hail the power and glory of God
Hail the power and glory of God
The earth and skies, glory
The land and seas, God's glory

The flowers and trees, glory
You and me, God's glory
Everything He does
He does it well
He does it well
What a mighty God we serve

Gebed

Here, die meetsnoere van die lewe het vir my in lieflike plekke geval. Dit wat ek ontvang het, is vir my mooi – baie mooi. Hoe kan ek u ooit vergoed of na waarde bedank vir dit wat onverdiend uit die verlede na my toe aangekom het? Aan U bied ek al die eer en dank wat in my binneste is. Amen.